HOëRSKOOL FICHARDTPARK

2017-11-03

Geagte Ouer

SKOOLGELDE BETAALBAAR – 2018

Tydens 'n ouervergadering gehou op 30 Oktober 2017 in die skoolsaal, is die begroting vir 2018 deur almal teenwoordig goedgekeur. Voortspruitend uit die begroting is die volgende skoolgelde vir 2018 betaalbaar:

Volgens die onderwyswet is die volle bedrag verskuldig aan die begin van die skooljaar betaalbaar. Ouers sal aan die begin van 2018 skriftelik aandui welke betaalwyse hul wil volg. Die opsie om skoolgelde oor 10 maande af te betaal, word voorgehou. Voortspruitend uit die begroting word die volgende skoolgelde vir 2018 gehef:

- **Aanvangsheffing van R1 400, as deel van verpligte skoolgelde, is voor of op 17 Januarie 2018 betaalbaar.** Daarna is die volgende gelde maandeliks betaalbaar:

- Ingeskrewe leerders in Hoërskool Fichardtpark betaal **R13 000 per jaar (R1 300 X 10 maande**)

- Leerders wat **rekenaarlokale** gebruik (RTT/IT) betaal gedurende Januarie 2018 'n jaarfooi van **R400 (R100 per kwartaal)**. (Toon kwitansie as bewys van betaling by rekenaar onderwyser.)

- Leerders wat **Verbruikerstudie** as vak neem, betaal gedurende Januarie 2018 'n jaarfooi van **R400 (R100 per kwartaal)**. (Toon kwitansie as bewys van betaling by Verbruikerstudie onderwyser.)

- Leerders wat buitekurrikulêre **Musiek of Vakmusiek Prakties** neem, betaal **kwartaalliks** 'n musiekfooi van **R600.** (Toon kwitansie as bewys van betaling by Musiek onderwyser.)

- Leerders wat **skolastiese evaluerings** by die Voorligting Sielkundige aflê, betaal 'n bedrag van **R500** vir genoemde evaluering. (Toon kwitansie as bewys van betaling by mev. Helmand.)

- Leerders wat keuring ontvang vir **konsessie-voordele** tydens assesserings, betaal 'n bedrag van **R1000** per jaar. (Toon kwitansie as bewys van betaling by mev Helmand.)

- Leerders wat keuring ontvang vir **Ammanuense** tydens assessering, betaal 'n bedrag van **R500** per kwartaal (R2000 per jaar).

- Aanvangsheffing moet voor of op 17 Januarie 2018 deur middel van elektroniese/direkte bankinbetaling gedoen word. Dié aanvangsheffing kan reeds vanaf November 2017 betaal word en sodoende verligting bring vir uitgawes begin 2018.

  Naam van rekening: Hoërskool Fichardtpark ABSA Tjekrekeningnommer: 1570320455 Takkode: 632005
  Gebruik verwysing:
  Gr 9-12: Toelating/Rekeningnommer, Leerder se voorletters en van.
  Nuwe Gr 8's 2018: Leerder se naam en van asook Gr 8.

- Skoolgelde oor 10 maande betaalbaar, moet deur middel van debietorder, elektronies of direkte bankinbetaling gedoen word. **'n R10 hanteringsfooi per maand word gehef vir skoolgelde wat kontant by die kantoor inbetaal word.**

- Ouers wat hul rekening oor 10 maande vereffen, betaal vanaf 17 Januarie – 31 Oktober 2018. **Die vergadering keur goed dat 'n aanvangsheffing van R1 400 voor of op 17 Januarie 2018 betaalbaar is**. Sodoende word verseker dat die skool oor die nodige

kontantvloei beskik om handboeke en vele meer aan die begin van die skooljaar beskikbaar te stel.

- Ouers wat die volle skoolgeld voor 1 Maart betaal ontvang 'n korting van R650

- Gemeet aan 'n goedgekeurde kriteria is hulpfondsbeurse vir 2018 beskikbaar. Diegene wat belangstel in 'n hulpfondsbeurs, kan die nodige aansoekvorms nou reeds by mev Botha (finansiële beampte) ontvang. Alle hulpfondsaansoeke moet nie later as 31 Januarie 2018 by mev Botha ingedien word nie.

- Administratiewe- en handboekfooi – geen fooie word gehef nie.

  Leerders moet self skryfboeke aankoop vir elke vak. Die skool sal riglyne verskaf van dit wat elke leerder benodig.

Afgesien van die bekende opvoedingsprogram, sluit bogenoemde gelde ook die volgende voordele in:

- Alle Sport, Kultuur, Akademie
- Gebruik van alle fasiliteite
- Gesubsidieerde sporttoere en jaarlikse inters
- Spesialisdienste - Opvoedkundige sielkundige (Evalueringstoetse uitgesluit)
  Gimnasium Instrukteur vir amptelike sportspanne van die skool
- Voorsiening van alle handboeke. Spesiale werkboeke by Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Rekeningkunde (Gr 10-12), waar nodig, word gesubsidieer.
- Skoolkoerant.
- Addisionele personeel ter wille van kleiner klasse en 'n ruim vakkeuse.
- Die organisering van bekostigbare aanlegtoetse. (Elders kan die noodsaaklike diens soveel as R1 500 per leerder beloop.)
- Gesubsidieerde ekstra klasse waar nodig, veral in Graad 12 by sleutelvakke soos Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Lewenswetenskappe.
- Hokkiespanne blootstelling op Astrobaan.

Begroting sluit uit:

- Opvoedkundige toere -> Gr 8, 10, 12
- VCSV Kamp/leierskapontwikkeling
- Voortrekkers affiliasie / kampe
- Valentynsbal, Matriekafskeid en Gala-Aand
- Busvervoer – Slegs klein subsidie vir inters.
- Skryfbehoeftes vir leerders
- Lewensoriëntering – addisionele kursusse soos voorgeskryf deur departement.
- Skiet – affiliasie
- Gebruik van skool sluitkassie
- Middagstudie diens/middag busdiens
- Bruikhuur van Cheerleaders- sowel as koordrag
- Foto's
- Jaarblad
- Musiek – Praktiese lesse
- Ekstra klasse waarby leerders wil inskakel uit vry keuse.

AA Myburgh
Wnd SKOOLHOOF